

4 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 14:13-36

**Vyf brode en twee visse voed vyf duisend mense. Jesus voed die hele kerk**

Jesus het innige meegevoel gehad met die vyf duisend honger mense. Hy voed hulle met slegs vyf brode en twee visse. Hierdie wonderdaad van Jesus is in al vier evangelies opgeskryf. Die gevolg van hierdie wonderdaad was dat die mense bely het: "Hy is werklik die Profeet, die Een wat na die wêreld toe moes kom"(Joh 6:14). Die dissipels het geglo dat Jesus die menigte kon voed maar het eers na hul eie voorraad en die hoeveelheid mense wat daar is, gekyk. Die resultaat was 'n skamele vyf brode en twee vissies vir vyf duisend mense. Hulle vertrou nie dadelik op Jesus nie. Op wonderbaarlike wyse voed Hy al die mense sodat daar twaalf mandjies vol oorbly. Maar wat Jesus hulle wou leer, was dat Hy die brood van die ewige lewe is. Jesus stel dit duidelik dat Hy die brood is wat die ewige lewe gee (Joh 6:26-28). Elkeen wat in Hom glo, sal nooit weer honger of dors word nie. Jesus alleen is in staat om ons geestelik te voed. Dit stel Jesus duidelik in Joh 6:29: "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het." Maar ons spandeer ons geld so maklik op dit wat nie kan versadig nie (Jes 55:1-7). Ons wat die voorreg het om die Brood van die lewe te geniet, moet dit ook mildelik met ons naaste deel.

*Sing: Psalm 17:1,6*

*Ds GS Kruger (Centurion)*